# Kenridge

# Pre-primêre Skool

# Graad R
# Inligtingsboekie
# 2026

Geagte Ouers

Welkom by Pre-primêre Skool Kenridge. Ons vertrou dat 2026 'n opwindende, opvoedkundige ervaring vir u hele familie sal wees.

Lees asseblief die meegaande riglyne noukeurig deur en respekteer asseblief ons skoolreëls. Dit mag blyk asof daar baie reëls en versoeke is, maar deur die jare is ons stelsels beproef en het ons gevind dat dit goed werk.

## 1. GRAAD R ONDERWYSPERSONEEL

| | | |
|---|---|---|
| Lerisa du Plessis | Skoolhoof: Pre-Graad R & Graad R | |
| Madelein Gravett | Sekretaresse & Inskrywings | |
| Anneke Pretorius | Onderwyseres & Graadhoof | Vissieklas |
| Joannie Oosthuizen | Onderwyseres | Skilpadbesieklas |
| Tammy le Roux | Onderwyseres | Hasieklas |
| Celesti Aldrich | Onderwyseres | Pandabeerklas |
| Christine Engelbrecht | Onderwyseres | Pikkewyntjieklas |
| Megan Ferreira | Onderwyseres | Seekoeiklas |
| Carla Borthwick | Onderwyseres | Uiltjieklas |
| Nicola van Eeden | Onderwyseres | Toekanklas |
| Surita Stone | Liggaamlike Opvoeding Onderwyseres | |
| Robyn Avenant | Leerondersteuning | |
| Venessa Goodman | Fasiliteerder | |
| Alecia Niemann | Klasassistent | |
| Charissa van Greunen | Klasassistent | |
| (aanstelling 2026) | Klasassistent | |
| Iske Witte | Klasassistent | |
| Daisy Thomas | Skoonmaker | |
| Naomi Botha | Skoonmaker | |
| Gugs Phakamile | Nutsman | |

## 2. BOODSKAPPE

Boodskappe kan deur die dag by ons sekretaresse, Madelein Gravett, gelaat word.

*Indien u*

- persoonlik met ons wil praat, bel asseblief tussen 07:30 - 07:40
  ***of***
- na 12:30, om nie die oggendprogram te onderbreek nie.

*Indien ons* nie beskikbaar is nie, los gerus 'n boodskap by die

sekretaresse en ons sal u terugskakel.

- Ons nommer is ***021 975 1163***.

U is welkom om ons per e-pos te kontak.
Ons e-pos adres is: pre-prim@kenridge.org.za.
**Hou in gedagte dat ons dit eers na afloop van die skooldag kan nagaan.** Indien u 'n e-pos stuur, plaas asseblief die betrokke onderwyseres se naam as die onderwerp.

## 3. AFWESIGHEDE

Graag versoek ons u vriendelik om die Pre-primêre skool te skakel (Madelein Gravett) by 021 975 1163 of e-pos by pre-prim@kenridge.org.za indien u kind afwesig sou wees.
U sal ook 'n sms-boodskap van die skool ontvang indien u kind afwesig / laat is.

## 4. SKOOLKOMMUNIKEERDER (D6)

Die Pre-primêr (Pre-Graad R & Graad R) maak gebruik van ons eie Skoolkommunikeerder om belangrike inligting uit te stuur.

Ons moedig beide ouers aan om by die werk en die huis, D6 op die rekenaar te installeer, asook op u slimfoon. Die Pre-primêre Skool se D6 is afsonderlik van díe van die laerskool, en daarom moet u dit ook installeer. U kan nog steeds die laerskool s'n behou en altwee tegelykertyd gebruik.

Skoolkommunikeerder is 'n innoverende en opwindende manier om met ouers te kommunikeer. Die Skoolkommunikeerder hou u ingelig oor wat by die skool gebeur. Dit word outomaties opgedateer en gee vir u al die jongste nuus en kalender-inligting oor geleenthede wat voorlê. Dit bevat 'n hele klompie nuttige skakels en dokumente. Om D6 te installeer, gaan na https://schools.d6.co.za/ kies 'Kenridge Pre-primary School' en die platform waarop u dit wil installeer (Windows of Mac). U sal die skakel vir die slimfoon-installasies ook op hierdie bladsy vind.

## 5. E-POS BOODSKAPPE

Die skool maak gebruik van 'n rekenaarstelsel om e-posse te stuur. Die e-posse beland soms in gemorspos. Kyk asb. gereeld daar en bring die nodige verstellings aan om te verseker dat die skool se e-posse direk na die inboks gestuur word.

## 6. GOEDGEKEURDE SKOOLKALENDER VIR 2026

Graad R volg die Departement van Basiese Onderwys se skoolkalender.

| KWARTAAL | OPEN | SLUIT |
|---|---|---|
| Eerste | 14 Januarie | 27 Maart |
| Tweede | 8 April | 26 Junie |
| Derde | 21 Julie | 23 September |
| Vierde | 6 Oktober | 9 Desember |

## 7. GRAAD R - SKOOLFOOIE 2026

Skoolfooie sal aan ouers deurgegee word.

## 8. BENODIGHEDE VIR DIE 1STE DAG

**Stuur asseblief die volgende saam op die <u>EERSTE DAG VAN DIE NUWE SKOOLJAAR:</u>**

- ‘n Sterk plastiektas (36/38 cm x 26/28 cm). Sakke, rugsakke en wieletjies-tasse word nie toegelaat nie. Dit pas nie in die tasrakkies nie. Maak asseblief seker van die regte grootte van die plastiektas.
- 1 pak ‘wet wipes’
- 1 doos snesies
- 2 bottels vloeibare handseep
- ‘n Gemerkte sonhoed wat gedurende somermaande in die tas kan bly.

## 9. INTREEFOOI VIR 2026 EN SKRYFBEHOEFTEPAKKET

Die skryfbehoeftepakket vir 2026 is ingereken in die intreefooi wat betaalbaar was op aanvaarding.

Alle huidige 2025 leerders, wat nie die intreefooi vir aanvaarding in 2026 betaal het nie, moet asseblief die volgende skryfbehoeftes op die eerste skooldag voorsien:

- 1 pak van 12 uitdraaikryte (bv. Monami)
- 2 Gomstafies – Pritt 43 g, Gloy 35 g or Amos (35 – 43g)

(Skryfbehoeftes hoef nie individueel met u kind se naam gemerk te word nie)

## 10. KARRI-TOEPASSING

Die skool maak gebruik van die Karri Toepassing vir alle betalings. Dit sluit egter nie die betaling van skoolfonds en buitemuurse aktiwiteite in nie. Meer inligting sal aan u gestuur word.

## 11. SKOOLURE

Graad R skoolure: 08:00 – 12:30

## 12. AANKOMS

Toegang tot die Pre-primêre kampus sal slegs deur die volgende hekke verkry word:

1. Tygerbergvalleiweg Ingang
2. Pre-primêre hoofingang in Van Riebeecklaan (Voortrekkersaal parkeerarea)

GEEN ouers of Pre-primêre leerders word op die Laerskoolkampus toegelaat nie.

**Aankoms**

Aankoms vir alle Pre-primêre leerders: 07:30 – 08:00.
**Pre-primêre leerders word eers om 07:30 op die skoolgrond toegelaat.**

Daar sal geen toesig op die speelgrond wees tussen 07:30 - 07:45 nie. Geen kind mag sonder volwasse toesig voor skool wees nie. Ouer boeties en sussies mag nie op die Pre-primêre kampus wees nie. Vir u kind se veiligheid maak ons staat op u samewerking. Leerders kan hul tasse op die stoep voor hul klas gaan neersit.

Die klasse word om 07:45 oopgemaak. Bly asseblief by u kind tot die klas oopmaak. Leerders kan hul tas in tasrakkies neersit en daarna in die tuin gaan speel.

Ons versoek dat ouers so gou as moontlik die speelgrond / klaskamers verlaat. Ons wil graag ons leerders aanmoedig om onafhanklik te wees en versoek dat leerders van 07:45 op hul eie van die hekke na die klaskamers sal beweeg.

Die veiligheid van ons leerders is vir ons baie belangrik. Verseker asseblief dat die Pre-primêre hoofhek altyd toegemaak word. Moet asseblief nie die hek oophou vir die volgende ouer wat op pad is nie.

Alle leerders moet om 07:50 by die skool wees sodat hulle kan uitpak, maatjies vind en nesskop. **Ons skoolklok sal om 08:00 lui waarna beide hekke gesluit sal word.**

**Indien u in 'n uitsonderlike geval laat kom, moet u van die Pre-primêre hoofingang (Voortrekkersaal parkeerarea) gebruik maak.** MELD

ASSEBLIEF EERS BY DIE KANTOOR AAN. Los die tas buite die deur en laat slegs u kind saggies inglip om by sy/haar maats aan te sluit.

**DIT IS VAN UITERSTE BELANG DAT U ASB. U KINDERS STIPTELIK AFLAAI. BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING IN HIERDIE VERBAND.**

## 13. VROEGOGGENDSORG

Indien u kind vroeër afgelaai word, moet u asseblief van die vroegoggendsorg gebruik maak wat teen 'n fooi beskikbaar is. Navrae kan by Club Engage gedoen word.
Vroegoggendsorg is beskikbaar vanaf 06:30 – 07:45.

Kontakbesonderhede: Janine 072 190 2995
Kim 082 534 9572
wcaftercare@clubengage.co.za

## 14. HUIS-TOE-GAAN-TYD

Huis-toe-gaan tyd vir Graad R: 12:30.

Ons versoek dat die kleuters stiptelik om 12:30 afgehaal word, omdat ons klasse met die Naskoolsentrum en buitemuurse aktiwiteite deel. Onderwyseresse en assistente het ook vergaderings en sportverpligtinge na skool.

**Hekke by Tygerbergvalleiweg en Pre-primêre hoofingang sal om 12:25 oopmaak.**

Om nie die einde van die dag aktiwiteite in die klas te onderbreek nie, versoek ons dat ouers asseblief stilte op die stoepe sal handhaaf.

Verlaat asseblief die speelgrond wanneer u u kind gekry het.
**Beide hekke sal om 12:40 sluit.**

**Geen ouers en leerders mag in die voortuin / stoepe vir Professionele aktiwiteite wag om te begin nie. Baie dankie vir u samewerking in hierdie verband.**

**SOOS MET DIE AFLAAI SOGGENS, IS DIT VAN UITERSTE BELANG DAT U BETYDS IS OM U KINDERS TE KOM HAAL.**

Indien u in uitsonderlike gevalle laat is, moet u u kind by die Pre-primêre kantoor afhaal. Maak asseblief van die Voortrekkersaalparkeerarea gebruik.

**Verkeer en Parkering**
Verkeer en parkering tydens aankoms en huis-toe-gaan tyd rondom die Kampus is besig. Ons vra dus vir u volgehoue geduld en verantwoordelike optrede wanneer u u kind af- en oplaai.

## 15. TOEGANG GEDURENDE SKOOLURE

Vir die duur van die skooldag, kan toegang SLEGS deur die Pre-primêre hoofingang verkry word. Meld altyd eers by die sekretaresse in die Pre-primêre kantoor aan.

## 16. TRAPPE EN STOEPE

Pas asseblief die "hou links" reël op die trappe toe. Geen kind mag OOIT toegelaat word om oor trapreëlings te loer, hang of te klim nie. Om orde te handhaaf en ongelukke te voorkom, word geen kinders toegelaat om op die stoepe te skree of te hardloop nie. Hou asseblief in gedagte dat stemme, asook boeties en sussies wat deur die klasvensters loer voordat die klasse verdaag het, ontwrigting veroorsaak. Ons maak staat op u ondersteuning in hierdie verband.

## 17. ETENSTYD

Onthou asseblief dat hierdie 'n teetyd snoephappie is en nie 'n hoofmaal nie. Die klem lê daarop om gesonde eetgewoontes aan te leer.

Ons beveel bruinbrood toebroodjies, Marie- of soutbeskuitjies, vars vrugte en groente, neute, kaas, worsies, ham, biltong, droëvrugte, jogurt, water of verdunde vrugtesap aan. Geen gas- of energiedrankies nie, asseblief.
**Lekkers en skyfies van u keuse word slegs op Vrydae, na 'n gesonde happie toegelaat.**

- 'n Paar klein bakkies binne-in die kosblik, met net 'n klein bietjie eetgoed voorkom vermorsing en minder pakkies en omhulsels wat in die omgewing beland. Maak asb. alle pakkies oop en skil/sny vrugte tuis.
- Stuur asb. 'n DUIDELIK GEMERKTE WATERBOTTEL, wat goed seël en nie lek nie, skool toe.
- Geen koppies sal beskikbaar wees nie. Stuur asb. genoeg drinkgoed vir u kind.
- Leerders moet hul eie lepels saambring skool toe (vir jogurt).
- Verseker asb. dat u kinders hul eie kosblikke en koeldrank/waterbottels kan oopmaak.

## 18. VERJAARSDAGREëLINGS

- Ons sal elke kind se verjaarsdag by die skool spesiaal maak.
- Indien die verjaarsdag-maatjie hul verjaarsdag saam met hul klasmaats wil vier kan eetgoed van u keuse skool toe gestuur word (bv. Fizzers, klein pakkie springmielies, kolwyntjie ens.) Een lekkerny per leerder is meer as genoeg. **Geen partytjiepakkies nie asb.**
- Kontak asb. die klasonderwyseres om die nodige reëlings te tref.
- Geen partytjie-uitnodigings sal deur die skool uitgestuur word nie.

## 19. WAT OM TE DRA/SKOOL TOE TE BRING

Die leerders moet asseblief gemaklike "ou" klere aantrek sodat hulle vrylik kan speel en aan skeppende aktiwiteite kan deelneem. Geen: "Spiderman / Superman"- tipe kostuums, grimering of oordadige juweliersware. Binne 'n groep situasie lei dit tot oor-stimulasie en ongewenste gedrag.

Somermaande:

- Verkieslik kaalvoet, sodat toontjies kan ontdek.
- Stuur asb. elke dag 'n gemerkte sonhoed skool toe.
- Smeer ook elke dag sonblok aan u kind, voor skool.

Wintermaande:

- Waterstewels of waterdigte skoene.
- Stuur asb. 'n reënjas skool toe op reënerige dae.
- GEEN sambrele asb.

Name in permanente pen op **ALLE KLERE en SKOENE**, sal help om die eienaar op te spoor.

Gaan asseblief die verlore-goedere gereeld na. Ons bly verstom oor die hoeveelheid hoë gehalte, nuwe verlore goedere, wat ons aan die einde van elke kwartaal aan liefdadigheid skenk.

Geen persoonlike speelgoed of items, behalwe reënjasse, sonhoede, eet- en drinkgoed mag skool toe gebring word nie.

## 20. SKOOL T-HEMDE

Die skool T-hemde en warm tops is by De Jagers (Willowbridge winkelsentrum) beskikbaar. Ons verkies dat kinders gemaklike broeke en die skool t-hemp op L.O. dae asook op spesiale dae dra. Die skool T-hemp kan ook op enige ander dag gedra word.

Indien u die **intreefooi vir 2026 betaal het sal u 'n bewys ontvang en daarmee kan u 'n skool t-hemp en warm top by De Jagers in ontvangs neem. Let wel die bewys is slegs geldig tot 31 Maart 2026.**

## 21. MEDIKASIE

Geen medikasie sal by die skool toegedien word nie.

## 22. PROFESSIONELE AKTIWITEITE (BUITEMUURSE AKTIWITEITE)

Dit is te verstane dat die instrukteurs tyd nodig het om die leerders en hul name te leer ken. Om die rede, indien u kind per ongeluk nie 'n betrokke aktiwiteit op 'n dag bywoon nie, bring dit asseblief onder die aandag van die instrukteurs.

Alhoewel buitemuurse aktiwiteite by ons skool plaasvind, is ons nie direk daarby betrokke nie. Rig asseblief enige navrae of instruksies aan die instrukteurs self.

Tref asseblief die nodige reëlings met die instrukteurs met betrekking tot aankomstye en -areas en huis toe gaan tyd. Slegs Naskoolsentrum-leerders sal deur personeel na hul aktiwiteite geneem word.
***Geen ouers mag op die kampusgronde wag vir aktiwiteite om te begin of klaar te maak nie. Ons maak staat op u samewerking in hierdie verband.***

## 23. NASKOOLSENTRUM

Daar is 'n beperkte aantal plekke by hierdie fasiliteit beskikbaar. Kontak Club Engage vir meer inligting.

Kontakbesonderhede: Janine 072 190 2995
Kim 082 534 9572
wcaftercare@clubengage.co.za

## 24. HOE KAN U BY DIE SKOOL BETROKKE RAAK?

- Fondsinsamelingskomitee / OOV: Indien u die talent / gawe / passie het om fondse in te samel, maak uself asseblief beskikbaar om op hierdie komitee te dien. **Vergaderings en funksies word meestal in oggende gehou.**
- Klasverteenwoordiger: Indien u entoesiasties, goed georganiseerd is, kan delegeer, kwartaallikse vergaderings kan bywoon, die klasonderwyseres ondersteun ens., kom deel in die opwinding van die skool se gebeure en aktiwiteite. Onderwyseresse steun sterk op hierdie persone. **Vergaderings en funksies word meestal in oggende gehou.**
- Skoolkomitee: Stuur asb. 'n e-pos na pre-prim@kenridge.org.za vir meer inligting.

Oorweeg dit asseblief om die OOV, klasverteenwoordiger en onderwyseres te ondersteun, selfs al kan u nie op die komitee dien nie. 'n Betrokke ouer is 'n gelukkige ouer. Vele hande maak ligte werk!

## 25. ALGEMEEN

- Geen persoonlike speelgoed nie. Tema verwante stories en items is altyd welkom.
- Indien u beplan om 'n onderwyseres met 'n spesiale geleentheid te bederf, kontak asb. die sekretaresse of 'n klasonderwyseres om die nodige reëlings te tref.
- **Vir die duur van die skooldag, kan toegang SLEGS deur die Pre-primêre hoofingang verkry word. Meld altyd eers by die sekretaresse in die Pre-primêre kantoor aan.**
- Parkeer asseblief in die parkeerplekke – moet asseblief nie die geel en rooi strepe ignoreer nie.
- Ouers moet asseblief so gou moontlik die parkeerarea verlaat om parkeerplek vir volgende ouers te skep.
- Moet asseblief nie die groot bakens by die ingang ignoreer nie. Ouers wat dubbel parkeer, of buite afgemerkte parkeerplekke, veroorsaak opeenhoping en frustrasie by ander bestuurders.
- Geen kind mag gedurende skoolure die skool verlaat vir 'n buitemuurse aktiwiteit wat elders plaasvind nie. Dit geld ook vir enige ander afsprake.
- Indien 'n leerder in uitsonderlike gevalle vroeg afgehaal moet word, moet die nodige reëlings met die klasonderwyseres of sekretaresse gemaak word. Die leerder kan by die Pre-primêre kantoor afgehaal word.
- Die skoolgronde is 'n "vaping" en rookvrye sone.
- **Geen honde / katte – groot of klein - word op die skoolgronde toegelaat nie.**
- Geen slimhorlosies of -fone word toegelaat nie.

**26. SOSIALE MEDIA**
Kenridge Pre-primêre Skool is op Facebook.

Besoek ook gerus ons webtuiste by: https://kenridgepreprimary.co.za/

Baie dankie!

Telefoon: 021 975 1163
e-pos: pre-prim@kenridge.org.za

**Bewaar hierdie inligtingsboekie op 'n veilige plek, vir toekomstige verwysing.**